higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N5

(10010505)

25 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

AFDELING A: KORT VRAE		50 punte
AFDELING B: LANG VRAE	(3 × 50)	150 punte
GROOTTOTAAL:		200 punte

2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6.. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Word gebruik om die rante van ‘n spleet in die uitrusting af te rond	A	snyersoom
1.2	Omslagrante wat in lyn met die spleetrant is	B	gevormde mou-omslag
1.3	Omslag wat agtertoe vou sonder knope en knoopsgate	C	opslagsak
1.4	Vasmaker	D	rolsoom
1.5	Naat is aan die regterkant versteek	E	reguit agteromslag
1.6	Geldsak	F	hempsmou-omslag
1.7	Katoenkoord	G	revers
1.8	Plasing van volheid	H	ribwerk
1.9	Soom	I	raglan
1.10	Kraag	J	pylnaat
1.11	Halslynafwerking	K	byna onsigbaar
1.12	Sak	L	oë
1.13	Naatrantafwerking	M	voorkom uitrekking
1.14	Mou	N	ritssluiter
1.15	Hakies	O	omkapmasjien

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' by die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n Amerikaanse skouerstuk het geen naat op die skouerlyn nie.

2.2 Die geskikste vasmakers om saam met 'n knoopstrook te gebruik, is ritssluiters.

2.3 Franse pylnaat verleng diagonaal van die synaat, middellyn of heuparea na die bors.

2.4 Ribwerk is veral geskik vir sweetpakke.

2.5 Die omslag word aangeheg voordat die spleetopening op die mou se rant gemaak word.

2.6 Die gulpopening op 'n mansbroek is links oor regs.

2.7 'n Skuinsbelegsel is 'n gevormde belegsel waar sowel die nek en armholtes deur dieselfde belegseleenheid afgerond word.

2.8 Omgeboorde knoopsgate is geskik vir deurskynende weefstowwe.

2.9 Horisontale knoopsgate word op mou-omslae gemaak.

2.10 'n Snyersoom word gebruik om die rafelkante van 'n uitrusting af te werk.

2.11 'n Opening in 'n baadjie met voering is 'n split.

2.12 Ondervoering in 'n snyersbaadjie word aangebring voor tussenbelegsel, tussenvoering en voering.

2.13 Tussenbelegsel in 'n snyersbaadjie word aangebring voor ondervoering, tussenbelegsel en voering.

2.14 Die vasmaaksluiting op damesdrag is regs oor links.

2.15 Raglan-moue het pylnate op die skouers.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n term langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 'n Opening agter in 'n baadjie met 'n voering.

3.2 Die tradisionele broek se voorste opening.

3.3 'n Stuk kleedstof wat in die moukop gebruik word

3.4 'n Pylnaat wat diagonaal van die synaat verleng word.

3.5 'n Strook kleedstof wat aan die mou se rant geheg word.

3.6 'n Knoopsgat met albei kante dieselfde.

3.7 'n Patroonstuk wat oor die skouer pas, hoofsaaklik vir versiering

3.8 Stel plooibelegsel in dieselfde rigting

3.9 Opgestikte sak sonder enige bostikwerk sigbaar aan die regte kant van die uitrusting.

3.10 'n Spons met 'n spesifieke vorm, afhangend van die styl van die uitrusting.

3.11 Die mou wat die meeste in informele mansbaadjies gebruik word.

3.12 Die soomafwerking wat in mansdenimbroeke gebruik word.

3.13 Geskikte kraag vir hemde.

3.14 Naat om tussenbelegsel in snyerswerk te heg.

3.15 Mou aaneen gesny met die nekgedeelte.

3.16 Geskikte soom vir breistof.

3.17 Geskikte kraag wat in breistoftops gebruik word.

3.18 Die lyfband wat meestal in mansbroeke gebruik word.

3.19 Die proses om tussenbelegselpatroonstukke aan die weefstof te heg.

3.20 Knoopsgat geskik vir 'n dames snyersbaadjie.

(20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

Bestudeer die volgende sketse van mansbroeke en beantwoord die vrae.



4.1 Identifiseer elk van die volgende soos dit op die mansbroeke voorkom:

4.1.1 Soomafwerking (1)

4.1.2 Sakke (2)

4.1.3 'n Dun laag weefstof wat op die lyfband gestryk word. (2)

4.1.4 Die doel van 'n dun laag weefstof wat op die lyfband gestryk word. (2)

4.1.5 Die tipe naat aan die kante van die broek. (2)

4.2 Plasing van volheid kan op SES maniere aangewend word. Noem hulle. (6)

4.3 Wat is die doel van die balkhegsels? (2)

4.4 Noem DRIE soorte ritssluiters. (3)

4.5 Definieer elk van bogenoemde soorte ritssluiters. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.6 Definieer elk van die volgende terme:

4.6.1 Binnenaat

4.6.2 Buitenaat

4.6.3 Sakke

4.6.4 'n Hou

4.6.5 Val

(5 × 2) (10)

4.7 Bestudeer die illustrasie van die mansbaadjies en beantwoord die vrae.



4.7.1 Identifiseer die dekoratiewe steek wat op die kraag gebruik word.

4.7.2 Identifiseer die tipe skouerstuk op die agterkant van die baadjie.

(2 × 1) (2)

4.8 Verduidelik die konstruksieproses van die mou-omslag. (12)

[50]

VRAAG 5

Bestudeer die volgende skets van 'n mansuitrusting en beantwoord die vrae:



5.1 Identifiseer die tipe kraag op die hemp. (1)

5.2 Identifiseer die tipe onderste sak op die baadjie. (1)

5.3 Identifiseer die tipe boonste sak op die baadjie. (1)

5.4 Watter VYF maniere kan gebruik word om die hoeke van die aangestikte sak te versterk? (5 × 2) (10)

5.5 Watter plasing van volheid word op die baadjie gebruik? (1)

5.6 Watter middellyfafwerking word op die broek gebruik? (1)

5.7 Watter voorsorg kan geneem word om te voorkom dat die sakke aan die regte kant van die uitrusting wys? (2)

5.8 Verduidelik die sluitings vir mansvasmakers in vergelyking met vroue se vasmakers. (2)

5.9 Watter tipe mou word op die baadjie gebruik? (2)

5.10 Identifiseer die vasmakers wat op die lyfband van die broek gebruik word. (1)

5.11 Noem die plasing van volheid wat op die broek gebruik word. (1)

Kopiereg voorbehou

5.12 Identifiseer die tipe sak op die broek. (1)

5.13 Masjienbalkhegsels word dikwels op 'n mansbroek gebruik. Noem VIER posisies op broeke waar dit aangewerk kan word. (4 × 2) (8)

5.14 Verduidelik die konstruksieproses van die tipe kraag wat op die hemp illustreer word. (18)
[50]

VRAAG 6

Bestudeer die skets op 'n sweetpaktop (breidrag) en beantwoord die vrae.



6.1 Naatkeuse vir breidrag is gebaseer op twee oorwegings. Noem hulle. (4)

6.2 Identifiseer die middellyfafwerking wat op die sweetpaktop gebruik word. (1)

6.3 Gee die rede waarom dit vir hiedie tipe geskik is. (2)

6.4 Identifiseer die tipe mou. (1)

6.5 Definieer die tipe skouerstuk op die voorkant van die sweetpaktop. (2)

6.6 Bespreek die TWEE voorsorgmaatreëls om te voorkom dat nate in breidrag uitrek. (2 × 2) (4)

6.7 Noem TWEE tipes uitrustings waar skouerkussings gebruik kan word. (2)

6.8 Gee DRIE maniere waarop die skouerkussings tydelik op 'n uitrusting aangebring kan word. (3 × 2) (6)

6.9 Bespreek die VIER gehaltestandaarde van ritssluiteropeninge. (4 × 2) (8)

6.10 Bespreek die DRIE doeleindes van die tussenbelegsel in 'n uitrusting. (3 × 2) (6)

6.11 Noem VIER plekke op 'n uitrusting waar belegsel aangebring kan word. (2)

6.12 Definieer die term *belegsel*. (4)

6.13 Waar op die uitrusting kan die volgende soorte belegsels aangeheg word?

6.13.1 Gevormde belegsel

6.13.2 Verlengde belegsel

6.13.3 Skuinsbelegsel

6.13.4 Kombinasiebelegsel

(4 × 2) (8)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou